

**CHRISTO, ILZE, BIANCA BRITZ**
**Plot 191, Waterbokstraat, Waterval,**
**PRETORIA**
**0082**
**SEL: 0828585447**
**E-POS: cibritzgesin@mweb.co.za**
**Webblad: www.cibritzgesin.co.za**

**NUUSBRIEF 20**

Die is ons twintigste nuusbrief en welkom aan almal wat hom lees. Indien u die ander gemis het vra dan epos ons dit vir u.

So aan die einde van die jaar en in die begin van die nuwe jaar wil ons as gesin die nuusbrief gebruik om vir almal wat ons ondersteun op welke manier ook al net weereens baie dankie sê. Of u ons finansieel of in gebed of in blyplek of emosionele ondersteuning of ons nuusbrief gelees het of dalk vir iemand aangestuur het of enige ander manier ondersteun het wil ons u net laat weet as gesin baie dankie vir 2022.

Ons as gesin sien uit na 2023 en weet dat u ondersteuning die enigste manier is hoe ons as gesin kan aangaan met ons werk vir die Here. Sonder u kan ons niks doen nie. Dus sien ons uit daarna om 2023 weer saam met u te werk.

Kom ons kyk bietjie terug na 2022. Daar het so baie goed gebeur. Die een ding wat ons as gesin op nuut besef het, is dat maak nie saak wat nie die Here was elke stap ten volle in beheer. Dit het baie keer gevoel dat alles uit beheer geraak het en wou dan net weg hardloop, gelukkig het die Here elke keer gehelp en weer krag gegee om aan te gaan.

Hier is so paar getuienisse wat ons graag met julle wil deel:

1. By bie sopkombuis is daar meer mense en ook spesifiek 1 persoon wat Christo gereeld skakel om vir hom te bid.
2. By die Eljada dienste is daar werklike geestelike groei. Ons motiveer hulle om hulle Bybels te lees, dan kom hulle met vrae terug oor die stuk en word die Woord oopbreek en vir hulle verduidelik. Dit gebeur by man a live groep en woman alaive groep en ook by die ander plekke waar ons betrokke is.
3. Donderdae is ons ook by Redddingsdaad met Bybelstudie in die oggend en dan nog een tot een berading ook.
4. Daar is wel ander plekke waar ons ook berading sessies het.
5. Die mense daar buite het groot nood, die mense is stukkend en gebroke en dit is 'n lang pad om hierdie mense te help om te besef dat God is daar vir hulle en Hy het hulle nie alleen gelos nie en weer op die pad van hertel te bring.

Die 1 Hoogtepunt deur die jaar was dat Ilze-Marie haar Bed Graad in Kleinkind ontwikkeling gekry het . Dit was nie altyd maklik nie en ons is geweldig tros op die groot prestasie wat bereik is.

Deur die jaar is sy ook met slaap apnee en ernstige gehoor verlies gediagnoseer. Haar medies het egter nie betaal vir die toerusting nie. Die groot getuienis is dat die Here in mense se harte gewerk het en op so manier vir haar die nodige toerusting voorsien.

In ons vorige nuusbrief het ons gevra vir 'n grassnyer. Ons kan getuig dat die Here ook daarin voorsien het. Hy het in iemand se hart gelê om vir ons een te skenk.

Soos genoem die jaar 2023. Wat lê voor vir ons as gesin. Ons weet nie maar wat ons wel weet is dat ons sien uit daarna omdat ons weet dat die Here nog werk vir ons as gesin daar buite het. Ons weet ook dat ons almal wat ons deur die jare ondersteun het nog meer gaan nodig hê om ons as gesin by te staan om die werk wel te kan doen.

So aan die einde van 2022 was daar 'n bespreking gewees wat sou maak dat meer mense een tot een sou bereik kan word in 2023 en ons as gesin is opgewonde om te sien hoe die Here dit gaan gebruik om mense te bereik op Sy spesiale manier met Sy liefde vir hulle.

Daar was ook groot verliese in 2022. Die eienaars van Kosmos sorgsentrum Erna en Jan t drie maande uit mekaar oorlede . Bid asb vir hulle twee dogters vir wysheid om aan te kan gaan met hulle ma en pa se groot werk wat hulle gedoen het.

Ons het op Kersdag ook vir tannie Lenie van Reddingsdaad verloor. Die Here het egter 'n jaar terug al 'n plan in werking gestel om haar groot werk wat sy begin het te laat aangaan. Bid asb ook vir Reddingsdaad en al hulle mense.

Dankie dat u ons nuusbrief gelees het.
Seën wense Die Britz gesin